# JAARLIKSE KOMMISSIE VAN KATEGETE

## TEMA

## JESUS REIS SAAM MET ONS, SY DISSIPELS

Die persoonlike oproep van Jesus Christus en die verhouding met Hom is die ware dryfkrag van 'n kategeet se roeping

Kategese kom voort uit die Doopsakrament en word deur die Vormselsakrament versterk. Beide sakramente laat die lekepersoon deel in die priesterlike, profetiese en koninklike amp van Christus.

> *"Deur ons liefdevolle kennis van Christus kom die begeerte om Hom te verkondig, om ander te 'evangeliseer' en hulle na die 'ja' van geloof in Christus te lei. Die Kerk koester en onderskei hierdie goddelike roeping en gee die sending van 'katkiseer' aan sekere mense."*
>
> *Direktorium vir Kategese 122)*

# DIENSORDE VIR DIE KOMMISSIE AAN KATEGETE TYDENS DIE HEILIGE MIS

*Ná afloop van die homilie*

## BEKENDSTELLING VAN KATEGETE

*Die selebrant spreek die samekoms toe.*

**SELEBRANT:** Vir die pastorale werksaamhede van die Kerk benodig ons die hulp van baie mense, sodat beide ons gemeenskappe en individue mag groei in volwassenheid in die geloof en ook hulle geloof uitleef deur:

- Die viering van die liturgie
- Hulle geloof deurentyd te verdiep en beter te begryp
- Hulle manier van lewe

Hierdie samewerking gebeur deur diegene wat hulleself tot kategese verbind. Verlig deur God se Woord en dit wat die Kerk ons leer, bied die kategete aan ander 'n kans tot dieper formasie en om ingelyf te word in daardie realiteite wat hulle self

ook as die waarheid leer ken het. Hulle dan ook geleer hoe om dié waarhede uit te leef en in die liturgie te vier.

By hierdie viering dank ons God vir die getroue en toegewyde kategete wat Hy ons gee en bid ons dat hulle, deur die Heilige Gees, die genade sal ontvang wat hulle nodig het vir hul dienswerk in die Kerk.

## SEËNING VAN DIE KATEGETE

*Terwyl hy hulle toespreek kan die diaken of kategese koördineerder die volgende sê:*

Sal diegene wat geroep word om as kategete in [..naam van parogie] te dien, asseblief opstaan?

*Hulle kan ook gevra word om vorentoe te kom, indien hul getalle dit toelaat.*

**SELEBRANT:** Nou vra ek u of u bereid is om die bediening van kategeet hier in [..naam van parogie] aan te neem?

**KATEGETE:** Met God se bystand is ek bereidwillig om as kategeet, saam met my mede-kategete, in die parogie te dien.

**SELEBRANT:** Mag God u bystaan om dit wat aan u toevertrou is goed te bewaar, en mag u en al die kategete in diens van hierdie parogie die genade ontvang wat u benodig vir u dienswerk in [..die naam van die parogie].

## ALGEMENE VOORBEDE

*Die Algemene Voorbede volg op die inleiding tot die seënbede oor die kategete. Hierdie voorbede kan gedeeltelik of in geheel gebruik word. Voeg egter altyd ook die eie behoeftes van u gemeenskap by.*

**Kategeet:** Ons antwoord: ***Ons bid U, verhoor ons.***

1. Ons bid vir die behoeftes van die Kerk: Besiel almal wat in hierdie Kerk leiding gee en in die bediening staan. Wees hulle Leidsman en lei hulle op die regte pad. Laat ons bid: ***Ons bid U, verhoor ons.***
2. Ons bid vir die leiers van alle nasies: Dat hulle deur hul omgee en beleidsrigtings en regverdige sisteme die vrede sal bevorder en bewaar. Laat ons bid: ***Ons bid U, verhoor ons.***
3. Ons bid vir kategete: Dat hulle oop en ontvanklik sal wees vir God se aanwesigheid in hul lewens en met blydskap die Woord van God sal deel met diegene wat hulle onderrig. Laat ons bid: ***Ons bid U, verhoor ons.***
4. Ons bid vir gesinne en families, soos hulle hul kinders by die geloof inlyf: Mag ons ouers en voogde deur hulle liefde en sorg ons kinders en tieners die kans bied om God se liefde te ervaar. Laat ons bid: ***Ons bid U, verhoor ons***.

5. Ons bid vir 'n einde aan die Covid-pandemie: Mag God sy almagtige hand oor ons uitstrek en ons van dié verskriklike pandemie verlos, sodat die lewe weer rustig na sy gewone gang kan terugkeer. Laat ons bid: ***Ons bid U, verhoor ons.***

**SELEBRANT AAN KATEGETE:** Buig u hoofde en bid om God se seën.
*Met uitgestrekte arms bid hy die seënbede oor die kategete.*

Here, versterk deur u vaderlike seën hierdie dienaars van U in hul voorneme om hulleself as kategete toe te wy. Gee dat hulle daarna sal strewe om met ander dit te deel wat hulle self geleer het uit hul oorpeinsing van u Woord en dit wat die Kerk ons leer. Laat hulle met blydskap aansluit by diegene wat hulle in u Naam gaan onderrig en dien. Ons maak ons gebed deur Christus, onse Here.

**ALMAL:** Amen.

**OF**

**SELEBRANT:** Here God, bron van alle wysheid en kennis, U het u Seun, Jesus Christus, gestuur om onder ons te woon en sy boodskap van geloof, hoop en liefde, aan alle volkere te verkondig. Seën in u goedheid ons broers en susters wat hulleself bereid verklaar om as kategete in u Kerk te dien. Versterk hulle met u gawes, sodat hulle die waarheid wat van U af kom met woord en daad sal onderrig. Ons maak ons gebed deur Christus, onse Here.

**ALMAL:** Amen.

*Ná afloop van die seënbede kan elke Kategeet 'n Kommissie Sertifikaat ontvang. Indien dit gepas is, kan die gemeente hulle steun aandui deur applous of enige gepaste gebaar van akklamasie of 'n geskikte gesang.*

---

*NOTA: Omdat die Kategese maand aan die begin van die jaar is kan u dalk op die voorstel ingaan om 'n 'Beantwoording Sondag' die week ná die Kommissie Sondag vir Kategete te hou.*

---

*Ná afloop van die homilie herinner die Selebrant die gemeente aan die Kommissie wat die vorige Sondag aan die Kategete gegee is.*

*Hy vra dan die gemeente om hul antwoord te gee op die parogie se kategese bediening deur te onderneem om dit die steun en daarby betrokke te raak soos wat dit verdien.*

## SEËNING VAN OUERS EN VOOGDE: (opsioneel)

*Ná afloop van die Gebed ná Kommunie kan hierdie spesiale seënbede aan die ouers en voogde gegee word in erkenning van hul onmisbare rol by die deurgee van die geloof aan hul kinders.*

**SELEBRANT:** Ouers en voogde word toevertrou met 'n spesiale rol en verantwoordelikheid as dit kom by die deurgee van die geloof aan hul kinders. Dit is gepas dat ons God se seëning oor hulle afroep.

*Nou nooi die selebrant die ouers en voogde uit om te staan. Hy strek sy hande oor hulle uit en nooi die res van die gemeente uit om dieselfde te doen soos hy as volg bid:*

**SELEBRANT:** God onse Vader, laat u vrede neerdaal in die harte van hierdie moeders, vaders en voogde. Gee hulle krag en wysheid soos hulle hul kinders versorg. Wys hulle hoe om hul gesinne met geduld en sagmoedigheid groot te maak. Gee hulle krag in tye van groot moeilikheid en help hulle om die klein vreugdes raak te sien wat deel uitmaak van elke dag. Laat hulle groei in wysheid, begrip en genade. Ons vra dit in die naam van Jesus Christus, wat met U en die Heilige Gees leef en heers, één God, tot in alle ewigheid.

**ALMAL:** Amen.

ONDERWEG MET JESUS

# DIENSORDE VIR DIE KOMMISSIE VAN KATEGETE BUITE DIE HEILIGE MIS

*In die aanwesigheid van die kategete en soveel parogiane as moontlik.*

## Inleidingsrites

*Die viering begin met 'n gepaste gesang en vervolg dan met dié begroeting.*

**SELEBRANT:** In die naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees.

**ALMAL:** Amen.

**SELEBRANT:** Mag die Vader van alle barmhartigheid, wat wil hê almal moet gered word, met u wees.

**ALMAL:** En met u gees.

**SELEBRANT:** Vir individuele gelowiges en geloofsgemeenskappe om tot volwassenheid te groei deur gebed en die viering van die Sakramente, deur studie en deur hul leefwyse, word die samewerking van baie mense benodig. Diegene wat hulle tot die kategese bediening verbind speel dus 'n lewensbelangrike rol in die Kerk se pastorale werksaamhede.

Verlig deur God se Woord en dit wat die Kerk ons leer, en besiel deur hul eie gebedslewens en geloofsgetuienis, lei kategete ander daartoe om die lewende Jesus Christus deur woord en daad te leer ken.

Deur die Kategese Bediening bied die kategete aan diegene wat aan hul sorg toevertrou is 'n proses van inlywing en formasie, deur hulle bekend te maak met die waarhede van die geloof. Die kategete het hierdie geloofswaarhede al self geleer, geleef en gevier en dit hulle eie gemaak. In hierdie viering seën ons die naam van die Here omdat Hy ons sulke medewerkers gegee het en bid ons dat hulle deur die Heilige Gees die genade sal ontvang wat hulle nodig het vir hul dienswerk in die Kerk.

## Skriflesings

**EERSTE VOORLESING:** Romeine 10: 9-15

**BEURTPSALM**

### Keervers tot die Beurtpsalm (96)

***R/ Maak onder die nasies sy wonderdade bekend.***

Sing vir die Here 'n lied wat nuut is!
Sing voor die Here, ganse aarde!
Sing vir die Here, prys sy naam! ***R/***

Verkondig sy reddingsdade elke dag,
maak onder die nasies sy roem bekend,
onder al die volke sy wonderdade.
***R/ Maak onder die nasies sy wonderdade bekend.***

Gee aan die Here, stamme van die volke,
gee aan die Here glorie en mag,
gee aan die Here die glorie wat Hom toekom. ***R/***

Sê onder die volke: "Die Here is koning:
die wêreld staan vas, onwrikbaar;
regverdig sal Hy die volke oordeel." ***R/***

**EVANGELIE:** Markus 16:14-20
*Die elf ontvang die volmag om die Evangelie te verkondig.*

## Algemene Voorbede

**SELEBRANT:** God wil hê dat almal gered word, daarom bid ons tot Hom.
***R/ Ons bid U, verhoor ons.***

**KATEGETE**

1. God van die hele skepping, ons verlang na 'n wêreld wat omvorm sal word deur vrede en saamgebind sal word deur liefde. Laat ons bid: ***R/ Ons bid U, verhoor ons.***
2. Versterk en vermeerder hulle wat tot die bediening van kategese geroep is, en wys ons hoe ons hulle werk kan ondersteun en aanmoedig. ***R/ Ons bid U, verhoor ons.***
3. Gee ons die ywer en passie om die heilige Evangelie te verkondig. ***R/ Ons bid U, verhoor ons.***
4. Gee ons die moed om die waarheid te praat en sterk te staan in ons oproep tot wêreld vrede en geregtigheid. ***R/ Ons bid U, verhoor ons.***
5. Maak ons oop en ontvanklik om met 'n gees van medelye en empatie na ander te luister. ***R/ Ons bid U, verhoor ons.***
6. Wys ons hoe ons hulle onder ons wat misgekyk, geïgnoreer en verwerp word kan dien. ***R.*** *Ons bid U, verhoor ons.*
7. Laat u Heilige Gees ons harte en lippe lei sodat ons in ons liefde sal volhard en U altyd sal loof. ***R/ Ons bid U, verhoor ons.***

## SEËNBEDE

*Met uitgestrekte hande bid die selebrant die seën af oor die kategete. [Ná afloop van die seënbede kan daar aan elke kategeet 'n Kommissie Sertifikaat of ander betekenisvolle simbool gegee word].*

## SLOT SEËN

**SELEBRANT:** Kom ons buig ons hoofde en bid om God se seën.

**SELEBRANT:** In Christus het God sy liefde en waarheid openbaar. Mag Hy van u getuies van die Evangelie en die Goddelike liefde maak.

**ALMAL:** Amen.

**SELEBRANT:** Mag die Gees van die Here met u wees sodat u die bedienaars van sy Woord sal bystaan.

**ALMAL:** Amen.

**SELEBRANT:** En mag die almagtige God ons seën, die Vader, en die Seun, en die Heilige Gees.

**ALMAL:** Amen.,